



Nr 141
Februarie
2020

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond

Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
6848 Villiersdorp


Tel: 028 840 0113

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

'n Henning word 100-jaar oud



a2.b5.c5.d8.e2.f5.g1.h1. Ingar Henning *1968 by sy ouma Pearl Henning op haar 99ste verjaardag in 2018

In die veertig jaar wat die Henning Familielond 'n nuusbrief uitgee, het dit nog net 'n paar keer gebeur dat ons in die bevoordele posisie was om 'n Henning of 'n aangetroude Henning geluk te kon wens met daardie persoon se honderdste verjaardag.

Op 10 Desember 2019 kon Pearl Sybil Zelda Henning (gebore Fisher) hierdie heuglike gebeurtenis ervaar, toe sy honderdjaar oud geword het. Sy is op 10 Desember 1919 gebore. Pearl woon deesdae in die siekeboeg van Esperanza-ouetehuis in die Strand.

Toe ons bietjie meer inligting oor haar wou bekom, het ons tot die besef gekom dat haar man a2.b5.c5.d8.e2.f5. Gert Frans Henning, gebore 3 November 1916 en al drie haar kinders al oorlede is. Syself ly aan dementia en kan nie eens meer onthou wat haar ouers se name was nie.

Gelukkig kon haar kleinseun, Ingar Ian Henning (seun van Leonard George Henning a2.b5.c5.d8.e2.f5.g1.

oor wie se dood ons ook in hierdie nuusbrief berig – bl 12) so 'n bietjie aanvullende gegewens verstrek. Pearl se pa was van Britse afkoms, maar haar ouers is skynbaar geskei toe sy nog baie klein was. Na skool het sy by verskillende plekke gewerk en nadat sy en Gert Frans Henning getrou het, het sy huisvrouw geword.

Gegewens van 12 753 mense is in die Henning Familiekroniek opgeneem en ons is net bewus van vyf persone wat ouer as honderd jaar geword het:

- Amelia Zurich (103) gebore 1882, oorlede 1985, dogter van Hermanus Zurich en sy vrou Martha Johanna Elizabeth Henning (*1857)(a2.b7.c8.d1)
 - Herman Evers Zurich (102) gebore 1889, oorlede 1991, seun van Hermanus Zurich en Martha Johanna Elizabeth Henning (*1857)(a2.b7.c8.d1)
 - Gertruida Susanna Henning (101) gebore 1906, oorlede 2007, a2.b5.c4.d7.e1.f1.
 - Johannes Stephanus Henning (101) gebore 1871, oorlede 1972, a2.b1.c6.d6.e1.
 - Fredrika Wilhelmina Henning (getroud Alberts) (100) gebore 1913, oorlede 2013, a2.b9.c1.d4.e6.f1.
- Twee persone het nege-en-negentig jaar oud geword:
- Jan Hendrik Henning gebore 12-3-1870 (a2.b1.c3.d10.e3.)
 - Wilhelmina Catharina Zurich gebore 23-10-1880, dogter van Hermanus Zurich en sy vrou Martha Johanna Elizabeth Henning (*1857)(a2.b7.c8.d1)
- Twee persone het agt-en-negentig jaar oud geword:
- Charel George Weitz Henning gebore 6-1-1892 (a2.b1.c3.d2.e4.f3.)
 - Pieter Hermanus Steyn Henning gebore 27-6-1907 (a2.b1.c3.d7.e9.f2.)

Onwaarskynlike, Onbesonge Held

Emeritus Professor Frans-Johan Pretorius bekende geskiedkundige van die Universiteit van Pretoria skryf gereeld in Beeld interessante artikels oor die Anglo-Boereoorlog. Een van sy artikels oor ‘n ou tagtigjarige Boer (ongelukkig weet ons nie wie hy was nie) wat die Britte ‘n tydjie lank in die Brandwaterkom, naby Fouriesburg op sy eie besig gehou het, het my aandag getrek omdat ek besef het dat verskeie Hennings ook aan hierdie veldslag deelgeneem het, waar ongeveer 4 000 Boere onder bevel van Genl Marthinus Prinsloo oorgegee en daarna krygsgevangene geneem en in die Diyatalawa Krygsgevangenkamp in Ceylon aangehou is.

Ons plaas Prof Pretorius se artikel soos hy dit geskryf het en vermeld daarna die besonderhede van Hennings wat tydens die slag in die Brandwaterkom oorgegee en as krygsgevangenes na Ceylon gestuur is.

“ ‘n Verhaal wat ‘n glimlag van bewondering ontlok, kom uit *The Star* van 30 Oktober 1930 – van ‘n ou Boer wat vir ‘n tydjie die Britte se moses was. Adam Kennedy, lid van die Highland Light Infantry Bataljon in die Anglo-Boereoorlog, beskryf daarin ‘n roerende verhaal waarvan die opskrif lees: “*Outstanding incident of South African War*”. Kennedy vertel sy bataljon en ‘n Engelse bataljon (dit moes die Lovat’s Scouts gewees het) was teen die einde van Julie 1900 deel van die Britse omsingeling van die Vrystaatse mag onder Marthinus Prinsloo in die Brandwaterkom. Op 23 Julie het hulle ‘n vastrapplek op die laer uitlopers van Retiefsnek verower, die nek wat vanaf Bethlehem toegang tot die Brandwaterkom verleen.

Om drie-uur die volgende môre het twee kompanieë van die Highland Light Infantry bevel gekry om links bo die nek stelling in te neem ten einde deurgang deur die nek te dwing. Teen dagbreek het hulle die voet van die nek bereik en teen die steiltes begin uitklim.



Die oorgawe van die Vrystaters onder Genl Marthinus Prinsloo in die Brandwaterkom, 30 Julie 1900, waarvan die 80-jarige sluipskutter een was

Halfpad boontoe het 'n sluipskutter hulle egter skielik van agter met sy geweer begin bestook. Dit was 'n verrassing, want reg rondom die plek van waar die skote gekom het, was daar al Britse troepe. Volgens die klank was dit 'n Martini-Henry-geweer.

Verskeie soldate is getref en hulle is met groot moeite verwyder. Bo-op die berg gekom, is die Highland Light Infantry beveel om dekking te vind en die posisie van die sluipskutter te bepaal.

Maar vanweë die eggo van sy geweerskote tussen rotse, kon hulle nie sy posisie vasstel nie. Ten spyte van hewige geweervuur in sy rigting het die sluipskutter met sy tempterende vuur volgehou. Elke nou en dan het 'n Brit neergesyg.

'n Korporaal en drie manskappe, waaronder Kennedy, het opdrag gekry om die sluipskutter te gaan stilmaak. Onder groot gevaar het hulle die omgewing van die man bereik, en uiteindelik, op aanhoor van sy skote, hom opgespoor, omsingel en krygsgevangene geneem.

Tot hul verbasing het daar 'n ou Boer van 80-jaar voor hulle gestaan. Sy Martini-Henri was van die vroegste soort, en hy het omtrent helfte van sy 300 tuisgemaakte patronen op hulle weggeskiet. Kennedy het sy bandelier afgevat "*of the Voortrekker type, home made from buck skin*". Hy het dit later aan F W FitzSimons, direkteur van die Port Elizabethse museum, gegee.

Sy gevangenemers was vol bewondering vir die ou Boer se optrede, waar hy verkieks het om in sy posisie te bly, omring deur die vyand, eerder as om saam met die Boere na die binnekant van Retiefsnek te gaan. Hy moes minstens twee dae daar vertoef het. Hy het geen waterfles by hom gehad nie, net droë mielies in 'n knapsak. In die voorafgaande week was daar swaar sneeu-neerslae; hy was sonder jas of kombers. Met bewondering sluit Kennedy af: 'Hy was 'n ware kryger wat geen Victoria Cross sou kry nie. Sy optrede was eenvoudig ongedokumenteerd in Boereverslae. Inderdaad die Britte se moses'".

Een-en-dertig Hennings wat deel was van Genl Marthinus Prinsloo se gevegsmag van ongeveer 4 000 man, wat op 30 Julie 1900 in die Brandwaterkom nabij Fouriesburg tot oorgawe gedwing is, is krygsgevangene geneem en in die Diyatalawakamp in Ceylon aangehou. Ons is bewus van nog 'n paar Hennings wat ook deel van die gevegsmag was, maar wat nie krygsgevangene geneem en na Ceylon weggevoer is nie. Mens kan spekuleer oor hoekom hulle nie op daardie dag teenwoordig was nie – was hulle met verlof, of het hulle gevlug?

Oorgawe was die realistiese uitslag. Ongelukkig maak dit dat daar net een held onder hierdie 4 000 Boerekrygers was – 'n onbekende tachtigjarige man!

Die een-en-dertig Hennings wat oorgegee het, was die volgende:

- a2.b1.c3.d4.e8. Jan Hendrik Henning *13-7-1868. Hy boer op die plaas Tygerhoek in die Rouxville distrik en dien in die Rouxville Kommando - Laer Caledon Veldkornetskap.
- a2.b1.c3.d5.e6. Andreas Stephanus Henning *Rouxville 27-12-1870. Hy dien in die Rouxville kommando. Hy sterf as gevolg van Tifus in die krygsgevangenkamp. Hy het op die plaas Luckhoff, in die Rouxville distrik geboer.
- a2.b1.c3.d5.e7. Johannes Izak Frederik Henning *Rouxville 27-12-1870. Hy dien in die Rouxville kommando en boer op die plaas Strydfontein, in die distrik Aliwal-Noord.
- a2.b1.c3.d7.e2. Jan Hendrik Henning *16-11-1863. Hy dien in die Rouxville Kommando - Slikspuit Veldkornetskap en woon op die plaas Pelgrimsrust in die Smithfield distrik.
- a2.b1.c3.d8.e1. Jan Hendrik Henning *12-12-1862. Hy dien in die Rouxville Kommando - Vechtkop Veldkornetskap en boer op die plaas Sondagsfontein, in die Zaaron distrik.
- a2.b1.c3.d8.e5. Alwyn Louis Henning *1875. Hy dien in die Rouxville Kommando, Laer Caledon Veldkornetskap en boer op die plaas Boschberg, distrik Rouxville.
- a2.b1.c3.d8.e7. Pieter Hendrik Barend Henning *Rouxville 26-3-1883. Hy dien in die Rouxville Kommando, Vechtkop Veldkornetskap. Hy boer op die plase Elandskloof en Boschberg in die Zaaron distrik.
- a2.b1.c3.d10.e4. Olof Abraham Henning *30-3-1872. Hy dien in die Rouxville Kommando - Vechtkop Veldkornetskap.
- a2.b1.c3.d10.e7. Christiaan Rudolf Henning *Rouxville 3-8-1877. Hy dien in die Rouxville Kommando, Vechtkop Veldkornetskap. Tydens gevegte by Fouriesburg word hy in die been verwond en krygsgevangene geneem. As gevolg van sy besering is hy vir die res van sy lewe kruppel gelaat en het hy die bynaam Chrisjan Houtbeen gekry. Hy was die koorleier van die Diyatalawa-krygsgevangenekoor, wat dikwels saam met besoekende kunstenaars opvoerings in die kamp en elders op die eiland gehou het. Hy het op die plaas Bronkhorstfontein in die Rouxville distrik geboer.
- a2.b1.c3.d10.e8. Johannes Gerhardus Henning *Zaaron 23-5-1880. Hy dien in die Rouxville Kommando, Vechtkop Veldkornetskap. Hy boer op die plaas Glenwater, distrik Zaaron, maar het ten tye van die oorlog op die plaas Bronkhorstfontein geboer.
- a2.b1.c3.d10.e9. Johannes Hendrik Henning *Bronkhorstfontein, Zaaron 21-1-1882. Hy dien in die Rouxville Kommando - Vechtkop Veldkornetskap en woon saam met sy ouers op die plaas Bronkhorstfontein in die Rouxville distrik.

- a2.b1.c6.d11.e4. Johan Andries Henning *Rouxville 12-2-1884. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog gedurende Oktober 1899 was hy slegs 16 jaar oud en woon saam met sy ouers op die plaas Uitzicht in die Smithfield distrik. Hy sluit by die Rouxville Kommando aan en word ingedeel by die Slikspuit Veldkornetskap.
- a2.b1.c8.d6. Pieter Hendrik Henning *18-7-1847. Hy en sy twee oudste seuns het onder aanvoering van Genl Cronje aan die slag by Magersfontein deelgeneem. Met Genl Cronje se oorgawe op 27 Februarie 1900 by Paardeberg, slaan hulle op die vlug en sluit by Genl Prinsloo se gevegsmag aan. Voor die oorlog het hy op die plaas Rus-en-Vrede, Rouxville geboer.
- a2.b1.c8.d6.e5. Johannes Petrus Jonker Henning *Rouxville 5-12-1881. Hy boer aanvanklik saam met sy pa op Rus-en-Vrede. Voor sy agtiende verjaarsdag breek die Anglo-Boereoorlog uit en hy en sy pa en sy broer dien onder Genl Cronje. Met Genl Cronje se oorgawe by Paardeberg slaan hulle op vlug en sluit by die gevegsmag van Genl Prinsloo aan. Sy broer was egter nie onder diegene wat oorgegee het nie.
- a2.b5.c1.d1.e1. Jan Andries Henning *Over de Grens 17-6-1845. Hy en sy seuns Jacobus Cornelis (f4), Pieter Hendrik (f5) en Jan Andries (f6.) dien in die Bethulie Kommando (Grootrivier Veldkornetskap).
- a2.b5.c1.d1.e1.f4. Jacobus Cornelis Henning *Bethulie 10-11-1874. Hy woon te Vaalbank, Bethulie. Hy dien in die Bethulie kommando.
- a2.b5.c1.d1.e1.f5. Pieter Hendrik Henning *Bethulie Sept 1880. Hy woon op die plaas Droogefontein, distrik Bethulie en dien in die Bethulie Kommando - Veldkornetskap Grootrivier.
- a2.b5.c1.d1.e1.f6. Jan Andries Henning *Bethulie 6-11-1882. Hy was 'n lid van die Bethulie Kommando (Grootrivier Veldkornetskap).
- a2.b5.c1.d1.e2.f2. Jacobus Cornelis Henning *Bethulie 12-12-1876. Hy en sy gesin boer op die plaas Swartfontein, Bethulie.
- a2.b5.c1.d3.e1. Jan Andries Henning *Colesberg 1-3-1854. Hy boer op die plaas Bulskop in die distrik Dewetsdorp. Hy, sy twee oudste seuns Jozeph Johannes Philippus en Johannes Lodewikus, vier van sy broers en swaer Gert Grobler, is deur die Britse Krygsmagte krygsgevangene geneem.
- a2.b5.c1.d3.e1.f1. Joseph Johannes Phillipus Henning *Dewetsdorp 20-3-1879. Hy dien in die Wepener kommando onder Kmdt Fouché. Hy boer op die plaas Bulskop, distrik Dewetsdorp.
- a2.b5.c1.d3.e1.f2. Johannes Lodewikus*Bethulie 7-6-1880. Hy boer op die plaas Echodale in die Wepener distrik en dien in die Wepener Kommando.
- a2.b5.c1.d3.e6. Joseph Johannes Phillipus Henning *25-10-1862. Hy dien in die kommando van Kmdt F Du Plooy onder bevel van Vdkt W Robinson.
- a2.b5.c1.d3.e8. Albertus Johannes Henning *7-10-1865. Hy boer op die plaas Winkelhoek, in die distrik Bethulie.
- a2.b5.c1.d3.e11. Jacobus Cornelis Henning *Dewetsdorp 15-2-1874. Hy woon op die plaas Droogefontein, distrik Bethulie en dien in die Bethulie Kommando (Grootrivier Veldkornetskap)

- a2.b5.c1.d5.e3. Johannes Henning *5-1-1860. Hy boer op die plaas Kraanvogelvlei, in die Bloemfontein distrik en dien in die Bloemfontein Kommando (Boven Modder Veldkornetskap).
- a2.b5.c1.d5.e5. Jan Andries Henning *Kransvoëlvlei, Dewetsdorp 21-7-1866. Hy boer op die plaas Kraanvogelvlei in die Bloemfontein distrik en dien in die Bloemfontein Kommando (Boven Modder Veldkornetskap).
- a2.b5.c4.d7.e1. Jacobus Cornelis Stephanus Henning *19-7-1872. Hy woon in die dorp, Winburg dien in die Winburg Kommando (Senekal Veldkornetskap).
- a2.b5.c5.d4.e1. Gert Frans Henning *Feb 1866. Hy boer op die plaas Yzervarkfontein in die Smithfield distrik en dien in die Smithfield Kommando.
- a2.b5.c5.d7.e1. Gert Frans Henning *Smithfield Des 1869. Hy dien in die Bloemfontein Kommando (Boven Modder Veldkornetskap).
- a2.b5.c5.d7.e6. Johannes Philippus Henning *Strydfontein, Smithfield 29-10-1881. Hy woon op die plaas Lorensa in die Smithfield distrik en dien in die Smithfield Kommando - Slikspuit Veldkornetskap

Foto van John Brown Henning *24-12-1867

Toe ons vroeg in 2019 die Henning uitstalling in die Kerkpleinmuseum, Aliwal-Noord gaan



a2.b7.c8.d7. John Brown Henning *24-12-1867 wat as 21-jarige in 1889 gesterf het

afbreek het, het ons al die herwonne artefakte na my huis geneem, totdat ons kon besluit wat om met al hierdie items te maak. Onder hierdie items was die foto-album wat aan my oupa grootjie Olivier Henning, gebore 1834 (a2.b7.c8) en sy vrou Cornelia (gebore Kotze) * 1839 behoort het en wat ekself jare terug aan die museum geskenk het. In die vorige nuusbrief (nr 140 van November 2019) het ons huis 'n artikel oor hierdie foto-album gedra. Al die foto's in hierdie album is tussen ongeveer 1860 en 1895 geneem.

Soos met meeste foto-albums die geval, het hierdie album ook geen byskrifte gehad nie en was mens aangewese op die geheue van latere geslagte om mense uit te ken. Mense op foto's wat oorlede is voordat ons ouers gebore is, sal dus deur niemand herken kan word nie.

Toe ek nou weer rustig elke foto met 'n vergrootglas kon bestudeer, kyk ek weer met aandag na 'n foto van 'n jongman (wat ons gedink het Olivier Henning gebore 1869 was) en merk toe op dat op die rugkant, in die een hoek baie dof en met baie klein lettertjies met 'n potlood die naam John Brown geskryf is. Dit het onmiddellik 'n lig



vir my laat opgaan. Dit moet a2.b7.c8.d7. John Brown Henning, gebore 24 Desember 1867 wees, wat op 1 Augustus 1889 oorlede is. Hy was slegs 21-jaar en sewe maande oud toe hy gesterf het. Dit lyk dus of die foto kort voor sy dood geneem is.

Noudat ons hom duidelik geïdentifiseer het, kyk ek weer in dieselfde album na 'n ander foto waar ons nou John Brown saam met sy suster, Jannetta, gebore 26-6-1866, wat net ouer as hy was, herken. Sy is ook as 21-jarige oorlede in 1887. Hier het ons ook gedink dat die jongman op die foto Olivier Henning, gebore 1869 was. Nou dat ons weet hoe John Brown gelyk het, kan mens duidelik sien hou baie dié twee broers na mekaar gelyk het.

a2.b7.c8.d7. John Brown Henning *1867 en sy suster Jannetta *1866. Sy is in 1887 en hy in 1889, beide as 21-jariges oorlede

Ernst Henning en die stook van brandewyn

Die positiewe verhaal van Jeffrey Nong, druiwe kleinboer van Ventersdorp se venootskap met Ernst Henning 'n distilleerde van die omgewing is 'n voorbeeld van hoop vir Suid-Afrika. Danksy hulle samewerking word daar nou suksesvol 'n brandewyn – Nong Brandy – gestook van druiwe wat Nong en sy werkers verbou.

Nong was vroeër die slagoffer van mislukte regeringsbemagtigingsprojekte waarvan weens wanbestuur en geld wat al weer verdwyn het, niks gekom het nie.

Hoewel Ernst Henning nie by enige van die bekende Henning stamme in Suid-Afrika inpas nie, het ons reeds in die Haantjie nr 114 van Mei 2013 berig oor die boer en sakeman, Ernst Henning van Ventersdorp se stryd met misdadigers wat die kerkgebou van die ou Lutherse sendingstasie in Ventersdorp as basis vir hul misdadige bedrywigheid gebruik het.

Ernst Henning se oupa het in die 1920's as die eerste Lutherse sending vanaf Duitsland gekom om 'n sendingstasie by Ventersdorp tot stand te bring. Hy het as 'n klein seuntjie baie by hierdie sendingkerk gespeel en sy pa is gedurende die 1990's vanuit hierdie kerk begrawe.

Ons het destyds berig dat Ernst as deel van sy boerdery- en besigheids bedrywigheid onder andere ook 'n distilleer-onderneming bedryf het.

Daar is onlangs wyd in die media berig oor 'n nuwe brandewyn wat na sewe jaar se harde werk onder leiding van Ernst Henning en 'n opkomende swart boer, Jeffrey Nong gebotteer is. Ons plaas een van die berigte wat in Beeld en die Burger verskyn het sonder wysiging:

Boer en Sakeman proe brandewyn-sukses

Boer is nie vir sissies nie. Dit is hoe Jeffrey Nong, 'n kleinskaalse boer van Ventersdorp in Noord-Wes sy en 'n plaaslike sakeman se sewe jaar lange pad beskryf om brandewyn te maak.

Ventersdorp het nie brieke



Ernst Henning en Jeffrey Nong met die Nong-brandewyn wat hulle na sewejaar se harde werk kon botteleer. Hulle sit hier in die wingerd digby Ventersdorp waar die druive waarvan die brandewyn gemaak is, verbou word

plaaswerker en het in die Ventersdorp-distrik grootgeword.

Henning het aangebied om as deel van die projek gratis aan Nong 'n stuk grond beskikbaar te stel waar hy druive kon verbou. Hy sou dan die druive aan Henning verskaf om brandewyn in sy distilleerdery te vervaardig.

Volgens Henning en Nong het die distriksmunisipaliteit aanvanklik gehelp, maar die geld het opgedroog. Nong en Henning moes mooi dink of hulle kon voortgaan, want dit kos baie geld. Volgens Nong het die wingerd eers in die derde oesjaar genoeg druive opgelewer wat aan die distilleerdery gelewer kon word. Die proses om stookwyn van die druive te maak en die brandewynmengsel in houtvate te verouder, duur nog drie jaar. Dit neem dus lank voordat 'n wins gemaak kan word, sê Nong.

"Ek het Ian Sieg van Griekwaland-Wes Korporatief (GWK) gevra om Jeffrey leiding oor die verbouing van druive te gee," sê Henning. Nong verbou villard blanc- en colombard-druive wat goed in die Ventersdorp-omgewing aard. Henning verskaf aan hom behuising, 'n salaris, 'n voertuig en wingerdwerkers. Die wingerd van 10 ha word met water van Henning se plaas naby die wingerd besproei.

Henning het die laaste paar jaar honderdduisende Rande uit sy eie sak aan die projek bestee.

"Ek is trots op wat ek hier gedoen het", sê Nong. Volgens hom is daar mense wat negatief is omdat 'n wit man hom gehelp het. "Wat is verkeerd daarmee? Wat maak my anders as (die sakeman) Patrice Motsepe, wat ook leiding van wit mense gekry het? Ons is albei entrepreneurs –mense wat geleenthede raaksien, gefokus is en met deursettingsvermoë sukses najaag."

'n Trots Nong het die bottels brandewyn, wat na hom genoem is, gewys. Die plan is om die brandewyn binne die volgende maand aan kleiner drankgroepes te verskaf.

Hy gaan Nong Kaap toe stuur om die brandewyn ook daar te bemark, sê Ernst Henning eienaar van die Totpk & Schoonspruit Distillery digby Ventersdorp.

Henning, 'n distilleerde wat al 20 jaar in die drankvervaardigingsbedryf is en Nong se paaie het in 2012 gekruis toe die Kenneth Kaunda-distriksmunisipaliteit 'n projek begin het om armoede deur landbou te verlig. Die plan was om private vennote te kry.

Nong het in daardie stadium sy werk by 'n myn verloor en het besluit om te boer. Hy was die seun van 'n

Bokradio se Liedjie van die Jaar



Francois Henning (Snotkop) en Ricus Nel wat met Bokradio se Nasionale Liedjie van die jaar toekenning vir 2019 weggestap het met hulle liedjie, "Boerepompie"

doen Bokradio, wat in die Wes-Kaap uitsaai, musiekkunstenaars wat in Afrikaans optree. Vir 2019 is Snotkop in twee kategorieë benoem, nl Album van die Jaar en Nasionale Liedjie van die Jaar.

In laasgenoemde kategorie is Francois Henning saam met Ricus Nel benoem en hulle is uiteindelik aangewys as die wenners van hierdie prestige kategorie, met hulle liedjie "Boerepompie".

Baie geluk Francois! Al die Hennings van Suid-Afrika is trots op jou en bly dat jy jou gevestig het as een van die groot gunsteling kunstenaars in die land.

Foto by graf van Pieter Hendrik Henning *17-9-1884



Ons het onlangs 'n foto van MARIA HENNING (gebore WEITZ) *21-5-1893 vrou van a2.b1.c6.d6.e8. PIETER HENDRIK * 17-9-1884 en al ses hulle kinders wat in 1934 by sy graf staan, ontvang. V.l.n.r. f4 Charel George Weitz Henning *1922, f3 Pieter Hendrik Henning *1920, f1 Jan Hendrik Henning (Hennie) *1918, f2 Jan Christiaan Henning *1918 (Jan), ma Maria Petronella Elizabeth

Henning (Weitz), f5 Anna Johanna Snyman (gebore Henning) *1925 en f6. Theodorus Ernst Henning * 1929

Spoggerige nommerplate



Kyk net hoe spoggerig lyk so 'n mooi nommerplaat! Ongelukkig is dit nie een van ons Hennings wat sy vuurwa so geregistreer het nie, maar 'n Henning van Aswegen



**Pieter Henning van Marble Hall,
Voorsitter van die Unimog Freunde-
klub van SA in sy oranje Cheetah
ondersteunerstrui**

ombouing nie, maar 'n ware siviele Oranje Unimog wat voorheen aan 'n boer van Boshof behoort het - Unimog 416.153 van 1982

Pieter is sedert Maart 2019 die Voorsitter van die Unimog Freunde Klub in SA.

It is algemeen bekend dat mens 'n persoonlike nommerplaat vir jou motor kan kry as jy 'n klompie Rand het wat jy ekstra op jou voertuig kan spandeer.

Iemand het onlangs vir ons 'n foto van 'n spoggerige vuurwa gestuur met die nommerplaat "HENNING GP" wat by 'n vulstasie brandstof inneem.

Mens sal onmiddellik dink dat dit een van ons Hennings is, wat so trots op sy van is. Toe ek egter verder ondersoek instel, het ek gou agtergekom dat die voertuig aan 'n Henning van Aswegen van Alberton behoort. Henning is natuurlik een van die gewilde familiename van die Van Aswegen familie.

Dit laat mens egter dink dat dit 'n goeie plan kan wees as 'n paar Hennings van ander provinsies hul voertuie só by die verkeersowerhede regstreer.

Interessante SA Unimog geskiedenis

a2.b6.c1.d3.e5.f2.g4.h1.i2. Petrus Francois Joubert (Pieter) Henning, gebore 16-2-1972 het nie net 'n Doktorsgraad in Ingenieurswese nie, maar was ook 'n tydlank 'n lektor by die Universiteit van Johannesburg. Hy het egter 'n jaar of twee terug bedank en boer deesdae in die Marble-Hall distrik.

Pieter het 'n groot voorliefde vir Mercedes-Benz se legendariese Unimog voertuie ontwikkel en het self een van hierdie baie skaars eksiese voertuie aangeskaf die oomblik toe hy die geleentheid kry. Sy Unimog was nie 'n Weermag Buffel-



Buffel mynbeskermde troepedraer wat met Unimog komponente toegerus was



Die heel modernste prototipe Unimog

Persone in die SAW, landbou, brandweer, bosbou en veral maatskappye in Namibië wat die Unimog van ouds geken het, het gereeld na die beskikbaarheid van Unimog navraag gedoen. Volledige ondersteuning met onderdele en herstelwerk was egter altyd nog in Suid-Afrika beskikbaar.

Gert Grobler het met 'n slim plan alles gereed gekry om weer die Unimog in Suid-Afrika te laat vervaardig. Stresvolle onderonsies met top bestuur by MB, waartydens Gert se loopbaan selfs in gevaar was, het gevolg, maar uiteindelik, na vyftien jaar wat daar geen Unimogs vervaardig is nie, het hy gewen en is daar weer begin om die Unimog in Suid-Afrika te vervaardig en MBSA glimlag breed want hulle verdien groot geld.

En nou is beide die vader van die Unimog in Suid-Afrika, Gert Grobler en die voorsitter van die Unimog Freunde-klub, Pieter Henning lede van die Henning Familiebond.

Wat interessant is, is dat Gert Grobler, eggenoot van a2.b7.c8.d8.e3.f6. Sylvia Grobler (gebore Henning), ook 'n lid van die Familiebond, as die vader van Unimog in Suid-Afrika beskou word. Gert het 'n hele lang en interessante geskiedenis saam met hierdie legendariese voertuig.

Hierdie RSA vervaardigde velddryers is in 1971 vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse weermag bekend gestel. Die oorspronklike Unimogs het as ambulanse, troepedraers en spesiale veldvoertuie diens gedoen.


Die SA Weermag het ook begin om Unimog-onderstelle en komponente te gebruik om die beroemde Buffel troepedraers te vervaardig. Ongeveer 7000 Unimog-onderstelle en aandrywingstelsels is vir militêre gebruik na Suid-Afrika ingevoer, waarvan die meeste met Buffel-bakwerk toegerus is.

Mercedes-Benz Duitsland het hierna produksie van Unimogvoertuie gestaak.

Sterftees



Louis Henning *1951 en sy vrou, Maria (gebore Hamer).



Leonard George Henning *1945 wat op 14 Junie 2019 oorlede is

a2.b6.c4.d7.e8.f1.g1. **Louis Johannes Henning**, gebore 5 Augustus 1951 sterf op 8 September 2019. Louis is in Johannesburg gebore. Hy was in Hoërskool Die Fakkeldiening daarna sy Nasionale Diensplig in die SA Weermag gedoen. Daarna het hy by die Technikon in Pretoria sy diploma in telekommunikasies verwerf.

Louis het n lojale vyf-en-veertig jaar vir Telkom gewerk en het in 2010 afgetree. Hy was 'n Optiese-Vesel spesialis.

Hy het in sy laat twintigs Pretoria toe getrek en het tot en met sy dood daar gewoon.

Louis was meer as dertigjaar lank getroud met Maria Hamer. Hy het drie hartaanvalle oorleef, maar is uiteindelik weens Bloedkanker oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou, drie seuns, Divan, Morné en Tjaart en twee kleinseuns, Camden en Matthew.

a2.b5.c5.d8.e2.f5.g1. **Leonard George Henning**, gebore 9 Januarie 1945 is op 14 Junie 2019 oorlede. Leonard sluit gedurende die 1960's by die SA Vloot aan. Na sy basiese opleiding begin hy werk as 'n radaroperator op duikbote. Mettertyd skuif hy na fregatte. Hy verlaat die Vloot vir 'n kort rukkie, toe hy by die SA Polisie aansluit en in Johannesburg en King Williamstown dien. Hy keer terug na die Vloot en dien by die Teen-Intelligensie Afdeling van die Vloot. Hy gaan gedurende 2006 met vervroegde pensioen en tree af met die rang van Adjudant-Offisier Klas 1

As stokperdjie het hy alle tipes skilderwerk beoefen. Hy het dit vir baie

jare ook geniet om radiobeheerde model-vliegtuigies te bou en te vlieg. Terwyl hy in die Vloot was het hy Suid-Afrika verteenwoordig in Skyf Skiet, Seil en Visvang. Die laaste twaalf jaar van sy lewe was sy hoof-passie om vlugsimulasies op die rekenaar te doen en was 'n lid van die Britse Virtuele vliegklub.

Ons vertel ook in hierdie nuusbrief (bl 1) van sy ma, Pearl Henning wat op 10 Desember 2019 honderdjaar oud geword het.




b6.c4.d1.e5.f3.g6.h3. **Pieter Jacobus Stefanus HENNING** *22 September 1957, is 30 Oktober 2019 in Shelly Beach Hospitaal oorlede. Hy is in Benoni gebore en het in Pretoria grootgeword. Hy was 'n Meester Elektrisiën en het vir vyf-en-twintig jaar lank vir die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie (Necsa) te Pelindaba gewerk. Hy is in 2007 met longkanker gediagnoseer. Hy het later COPD ('n longsiekte) opgedoen.

Pieter is van sy eerste vrou geskei en in 2002 is hy met Fransiska (gebore Hougaard) getroud. Hy het net een seun, Harold gehad.

Pieter Henning *1957 wat op 30 Oktober 2019 oorlede is. Hier staan hy op die strand by Margate

a2.b6.c3.d3.e4.f2.g6.h3. **Beyers Henning** *21-11-1947 is op 11 November 2019 oorlede. Beyers was 'n skrander kind, want aan die begin van 1953, op die ouderdom van vyf jaar en twee maande word hy toegelaat om skool te begin gaan by die Laerskool Newlands, Johannesburg. Hy doen rumatiekkoors op en word aangerai om nie weer sport te beoefen nie. Na 'n tyd het hy egter weer begin swem, rugby speel en gimnastiek doen.

Na skool doen hy sy Nasionale Diensplig by die Seinkorps en word vir leieropleiding gekeur en later so aangewend. Na sy diensplig begin hy werk by die Roodepoort munisipaliteit, maar studeer terselfdertyd B Com.



Sport bly sy voorliefde en hy speel rugby vir die Roodepoort Rugbyklub. Verder kwalifiseer hy as tuimelafrigter in gimnastiek. Hy trou met Aletta Coetzee en saam het hulle drie dogters, Belinda, Theresa en Zelda. Hy begin studeer in Homeopatie. Nadat hy gekwalifiseer het, praktiseer hy in Fairlands, Johannesburg en Bergbron, Roodepoort.

Hy praktiseer tot ouderdom 70, toe hy vinnig dementia begin opdoen. Vanaf die begin van 2019 verswak hy baie vinnig, maar sterf uiteindelik van veelvuldige orgaanversaking.

Oupa se trots!

‘n Oupa kan mos trots op sy kleinkinders wees as hulle presteer! Oupa Pieter Hendrik Henning, gebore 24 Januarie 1950 van Gezina, Pretoria (a2.b1.c6.d6.e8.f3.g2.) het vir ons laat weet dat sy kleinseun, Jaden Henning gebore 3 Februarie 2009 onlangs erekleure, ‘n sertifikaat en ‘n medalje gekry omdat hy in 2019 ‘n gemiddelde persentasie van 85% in al sy vakke vir Graad 4 gekry het. Hy is in die Laerskool Elarduspark, Pretoria en sal in 2020 in Graad 5 wees. Hy is die seun van Pieter Hendrik Henning, gebore 19 Junie 1978 en sy vrou Elizane (gebore Roodt). Hulle woon in Elarduspark, Pretoria.

Jaden Henning *3-2-2009 met sy medalje en sertifikaat vir akademiese prestasie



Geldsake

Ons het nou al verskeie kere in die Haantjie gerapporteer dat dit nie goed gaan met die geldsake van die Familiebond nie. Die afgelope paar jaar het ons inkomste uit donasies drasties verminder en kry ons veel minder in as wat dit kos om die Familiebond aan die gang te hou. Ons het dus begin teer op ons reserwes wat ons oor die voorafgaande amper veertig jaar opgebou het. Ons doen ‘n beroep op alle Hennings om te oorweeg om van tyd tot tyd (verkieslik een keer per jaar, ‘n donasie aan die Henning Familiebond te maak. Die lopende rekening besonderhede van die Familiebond is as volg:

FNB Villiersdorp (tak 200 712), Rekeningnr 6265 7601 483, Henning Familiebond, lidnommer of voorletters en van as verwysing

Afgesien van daardie lede wat maandeliks per debietorder bydraes lewer, het die volgende lede ook oor die vorige drie maande donasies aan die Familiebond gemaak:

Lid 265 Tjaart Henning en sy vrou Louisa van Sinoville, Pretoria – R1 000.00

Lid 202 Pieter Hendrik en Anna Henning van Durbanville – R500.00

Lid 290 Johan (Jay) Henning en sy vrou Vanessa van Constantia, Kaapstad - R200.00

Lid 69 Jan J P Henning van Bloemfontein – R200.00

